Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Maart 2009

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 313 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van Munisipaliteit Overstrand

# INISIATIEF OM MORELE WAARDES TE HERBOU

'n Inisiatief om die morele karakter van ons gemeenskappe te laat opleef en te versterk, is met daadwerklike en aktiewe steun van die Burgemeester se Kantoor van stapel gestuur deur 'n voetsoolvlak-vennootskap waarby kerk-, sake- en opvoedkundige leiers betrokke is en wat deur die Hermanus-transformasievereniging gefasiliteer word.

Belanghebbers word genooi om by die Inisiatief vir Morele Standaarde aan te sluit om sodoende 'n ommekeer in die erge aftakeling van morele standaarde en waardes in ons samelewing te bewerkstellig en te help om die samelewing se ruggraat op alle vlakke weer te versterk.

Die inisiatief het as hoofoogmerk om die volgende ses kernwaardes en –standaarde opnuut in die harte en denke van mense te vestig:

- Betroubaarheid, dws om eerlik te wees, 'n beginselvaste lewenstyl na te volg, beloftes na te kom en lojaal te wees;
- Respek deur hoflik teenoor ander te wees, hulle te respekteer en na hulle te luister;
- Verantwoordelikheid deur aanspreeklikheid te aanvaar, selfbeheersing toe te pas, doelwitte te stel en ag te slaan op houdings;
- Regverdigheid deur by die reëls te hou, onpartydig te wees, vas te stel wat die feite is en sake billik aan te hoor;
- Deernis deur dankbaar, vriendelik, empaties en vergewend te wees en ruimskoots te gee; en
- Goeie Burgerskap deur te betaal wat jy skuld, jou plig te doen, die reëls na te kom en wette te respekteer.

'n Holistiese en geïntegreerde benadering sal by skole en kerke, in die sake- en openbare sektor en uiteindelik in gesinne gevolg word om bewustheid van en persoonlike ooreenstemming met hierdie waardes te skep. Benewens publisiteit in die plaaslike media sal daar van straatoptogte, opstelkompetisies, leiers se ondersteuning op openbare verhoë en die vertoon van plakkate en baniere gebruik gemaak word.

Ondernemings, kerke en ander organisasies wat bereid is om vennote te word, sal sover moontlik gehelp word om organisasie-spesifieke intervensies te beplan wat hierdie standaarde en waardes intern vestig en ekstern bevorder.

Die program sou aan die einde van Februarie van stapel gestuur word met die voorneme om 'n voorlopige kernbeheerkomitee te verkies wat die aanvangsfase sal bestuur, maar dit sal mettertyd uitgebrei word om verteenwoordigers vanuit deelnemende gemeenskapsinstellings te akkommodeer.

Die veldtog gaan aanvanklik op die Groter Hermanus-gebied fokus, maar as toekomstige hulpbronne en die aktiewe deelname van belangstellendes dit toelaat, sal dié inisiatief hopelik gou na ander gebiede binne die munisipaliteit uitgebrei word.

Nadere besonderhede kan verkry word deur Ernst Kretschmer by 082 412 4538 of Ronél Mostert by 082 470 3975 te kontak. Finansiële bydraes is welkom en kan in die rekening van die Hermanus-transformasievereniging by Nedbank se Hermanus-tak gedeponeer word. Die rekeningnommer is 1345027931.



*Vroue wat 'n verskil maak: Glenda Fürst, Marianne Beyleveldt, Frieda Koba en Rina Louw speel elkeen 'n sleutelrol in die nuwe venootskapskonsep om na sorgbehoewende kinders in die Overstrand-gemeenskap om te sien.*

# BAANBREKERSWERK MET SORGBEHOEWENDE BABAS

Baanbrekerswerk word tans op Hermanus gedoen met die versorging van kinders wat kragtens die Kinderwet sorgbehoewend verklaar is. Op Vrydag 6 Februarie 2009 is die eerste huis van 'n toekomstige kompleks van pleeghuise ingewy en as die projek volgens plan verloop, sal dit die eerste pleeghuisprojek in die land wees wat ooreenkomstig die nuwe Kinderwet op die been gebring is.

Vennootskap tussen welsynsorganisasies (kindersorg), die munisipaliteit en die gemeenskap is die hoeksteen waarop die nuwe konsep gebaseer is. Die staat is slegs betrokke by wyse van toelaes vir pleegsorg en plek van veiligheid wat aan 'n wetlike plasing gekoppel is.

In hierdie geval is die Kindersorgvereniging van Hermanus die moederliggaam en belas met die wetlike verantwoordelikheid vir die versorging van pleegkinders. Die Munisipaliteit Overstrand het die grond en dienste vir die projek voorsien en die United Church sien as toesighoudende liggaam namens die gemeenskap toe dat die versorging op standaard is.

Ikaya le iZibusiso, wat in Zoeloe beteken Huis van Seën, gaan toegespits wees op wesies, verwaarloosde babatjies en kinders met spesiale behoeftes tussen 0 en drie jaar. Hier word hulle deur Frieda Koba, die huismoeder, versorg en kry hulle die nodige mediese aandag totdat hulle sterk en gesond genoeg is om vir langtermynpleegsorg of permanente aanneming uitgeplaas te word.

Volgens Rina Louw, maatskaplike werker, is die huis soos hy daar staan 'n toonbeeld van samewerking soos min. Spesiale mense het van oral na vore getree om betrokke te raak.

Sy het melding gemaak van Marianné Beyleveldt, burgemeestersvrou, Glenda Fürst, deur wie se ywer die United Church as toesighoudende vennoot betrek is, Peter en Genevieve Stark en Ferdi Kisten, wat die gebou binne 21 dae opgerig het en 'n groot deel van die koste uit sy eie sak (met die opbrengs van 'n motor wat hy gewen en dadelik weer verkoop het) gedra het.

Onder die ander donateurs was daar Stephen van der Merwe, wat die planne geteken het, Coastal Trusses, Walkerbaai-sementwerke, Jean wat die bourommel verwyder het, CCS, Windor Solutions, Kennedy-broers, Mr Spike, Loudi-loodgieters, Island-elektries en ADT.

Vir munisipale amptenare, soos Bobbie von During, Dennis Hendriks en De Wet Nel, was daar ook 'n spesiale woord van dank vir wat hulle alles gedoen het om die projek moontlik te maak.

Die United Church se rol gaan wees om op 'n daagliks basis na die instandhouding en bedryf van die huis om te sien, voedsel te voorsien (deur onder meer 'n groentetuin aan te lê) en die huismoeder te ondersteun, vertel Glenda.

Tydens die opening was daar reeds twee babatjies in die huis, waarin daar tot ses kinders kan woon.

Twee predikante is ingespan om Ikaya le iZibusiso in te wy: Jackson Tubu, 'n geestelike leier in Zwelihle al van die jare dertig af, en ds James Gray, leraar van die United Church.

# ONGEKWALIFISEERDE OUDITVERSLAG ONTVANG

Munisipaliteit Overstrand het vir 'n tweede opeenvolgende jaar daarin geslaag om 'n ongekwalifiseerde ouditverslag te ontvang.

Hierdie aankondiging is op Woensdag 28 Januarie 2009 deur die Uitvoerende Burgemeester Theo Beyleveldt gemaak ten tye van 'n Spesiale Raadsvergadering waartydens die munisipaliteit se jaarverslag vir die jaar 2007 / 2008 ter tafel gelê is.

Beyleveldt het ook klem op die volgende aspekte in die jaarverslag gelê:

- Die herstrukturering van die Munisipale Bestuurder se kantoor en die aanstelling van meer vaardige personeel in sekere departemente, byvoorbeeld die Departement Finansies;
- Die eenparige aanvaarding van die 2007 / 2008-begroting, wat die grootste investering in infrastruktuur tot nog toe in die munisipaliteit se geskiedenis tot gevolg gehad het;
- Die uitbreiding van die munisipaliteit se afvalbestuur- en reinigingsdienste tot só 'n mate dat verskeie pluimpies vir die netheid van ons dorpe ontvang is en die bestuur van die bobbejaanprobleem in geaffekteerde gebiede grootliks onder die loep geneem kon word;
- Die inisiatiewe om die gebruik van plaaslike arbeid te bevorder en werk te skep, byvoorbeeld die skoonmaakdienste in woonbuurte;
- Die bekendstelling van 'n 24-uur-nood- en SMS-diens, wat dit moontlik maak om meer doeltreffend na ure en ten tye van noodgevalle te kommunikeer; en
- Die buitengewone prestasie in die Vuna-toekennings waartydens Overstrand as nasionale wenner in die kategorie "Finansiële Haalbaarheid" aangewys is en die algehele tweede plek in die provinsie behaal het met 'n verdere spesiale toekenning vir die mees innoverende plaaslike owerheid in die Wes-Kaap. Die Burgemeester het ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om Laingsburg geluk te wens met sy toekenning as wenner in die nasionale kategorie vir B-munisipaliteite.

Die Burgemeester het gesê Overstrand se grootste bron tot kommer is die stand van die munisipale behuisingsprojekte in Kleinmond, Mount Pleasant, Zwelihle en Stanford. Dié projekte word vertraag weens 'n appèlaansoek wat in die Hooggeregshof teen 'n toegekende tender aanhangig gemaak is. (Uitspraak is op 11 Februarie 2008 twee weke na dié toespraak gelewer.)

Beyleveldt het gesê dat die gemeenskap met reg trots kan wees op dit wat bereik is. Dit het 'n reuse-inset van alle betrokkenes geverg. Ten opsigte van die oudit se bevindinge, het hy gemaan dat daar steeds sommige nuwe ouditstandaarde is wat geïmplementeer moet word, maar het ook die versekering gegee dat planne in plek is om te verseker dat geteikende doelwitte bereik word.

Die Jaarverslag is ter insae beskikbaar by die kantore van die areabestuurders en openbare biblioteke en kan ook via die munisipale webwerf www.overstrand.gov.za verkry word. Vertoë ten opsigte van die Jaarverslag moet nie later nie as 6 Maart 2009 aan die Munisipale Bestuurder gerig word.

## REDE VIR TWEE KRAGTARIEWE

Daar is 'n mate van verwarring rakende die verskillende elektrisiteitstariewe van toepassing op munisipale verbruikers wat van voorafbetaalmeters gebruik maak. Die tariewe, soos deur die Raad en NERSA goedgekeur, is as volg:

- **Enkeltarief:** (met 'n minimumgemiddeld van 500kWH per maand oor 'n sesmaande-tydperk) = R0-7807/eenheid
- **Tweeledige tarief:**
  Voorafbetaal tot op 60 Amp = R0-439/eenheid
  Plus 'n maandelikse basiese heffing = R135-00 (inkl.)

Die rede vir hierdie tariefstruktuur is dat wanneer 'n verbruiker minder as 500kWH per maand verbruik die inkomste wat hieruit verhaal word nie voldoende is om die elektriese verspreidingsnetwerk in ons gebied in stand te hou nie. Daarom word 'n minimum heffing van R135 per maand gehef met die toegif van 'n laer eenheidskoste.

Dit kan tot die voordeel van 'n verbruiker strek, soos in die geval van 'n persoon wie se gemiddelde verbruik nagenoeg 450 eenhede per maand beloop en, gevolglik, na die tweeledige tarief moet omskakel. Die vergelyking hieronder dui aan watter impak dit op die rekening van so 'n persoon sal hê:

| | | |
|---|---|---|
| • Enkeltarief: | 450 eenhede x R0-7807c | = R 351-32 |
| • Tweeledige tarief: | 450 eenhede x R0-439c | = R 197-55 |
| | Basiese Heffing | = R 135-00 |
| | Totaal | = R 332-55 |

Vanuit die bostaande vergelyking kan daar gesien word dat die persoon ter sprake se maandelikse besparing R18-77 per maand sal beloop.



Foto: Giorgio Lombardi

## WÊRELDOMGEWINGSKALENDER: N° 2

## ELKE DRUPPEL IS GOUD WERD!

In Februarie het ons Wêreldvleilandedag gevier. Ons het geleer dat òf ons nou "rivierop" òf "rivieraf" bly, almal is onderling deur water verbind. Met die idee om voort te bou op hierdie tema, het die Verenigde Nasies in 1992 tydens 'n Konferensie oor Omgewing en Ontwikkeling besluit om 22 Maart as Wêreldwaterdag te oormerk met die oog daarop om die aandag te vestig op die belangrikheid van varswater en voorspraak vir die volhoubare gebruik daarvan te maak.

Soos in die geval van Wêreldvleilandedag val die klem hierdie jaar op samehang: "Gedeelde water, gedeelde geleenthede". Daar gaan veral op oorgrenswater gefokus word waar samewerking in die bestuur van hierdie hulpbronne kan help om onderlinge respek, begrip en vertroue tussen lande te bou onderwyl vrede, sekuriteit en volhoubare ekonomiese groei tegelyk bevorder word.

Maar aangesien water van sulke kritieke belang vir alle Suid-Afrikaners is, is daar besluit om die viering van Wêreldwaterdag so uit te brei dat dit 'n hele week dek met die tema "Water is ons Toekoms". In die loop van 17-23 Maart sal daar 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen word om die kwaliteit en kwantiteit van beskikbare varswaterbronne op so 'n wyse te bewaar en te verbeter dat toekomstige generasies nooit daarsonder sal hoef klaar te kom nie.

Ongetwyfeld is ons almal deeglike bewus van die gesondheidsrisiko's verbonde aan besmette varswaterbronne; die gevolge hiervan is maar al te sigbaar in buurlande en selfs sommige van ons noordelike provinsies.

Dus, in belang van almal, behandel ons toekoms - water - met die respek wat dit toekom. Onthou: Elke druppel tel!

## BRANDHELIKOPTER TOON SY NUT

*Begin Februarie het 'n brand in die Maanskynkop-natuurreservaat naby Hermanus uitgebreek en, weens die moeilike terrein en sterk wind, vir dae aangehou. Die nut van 'n helikopter is weer eens bewys toe brandslaners hoog op teen die berg uitgeplaas kon word om die brand onder beheer te hou. Nalatigheid met die hantering van noodfakkels het 'n groot rol in die ontstaan van dié brand gespeel. Indien 'n fakkel sy vervaldatum bereik, moet dit ingehandig word by 'n verantwoordelike instansie soos die brandweer, die polisiediens of die hawe-owerheid. Daar is ook vir hierdie doel spesiale houers by oorlaaistasies vir vaste afval aangebring.*

## PLAN TEEN BEDROG

Die Raad het 'n Bedrogvoorkomingsplan aanvaar voortspruitende uit 'n teenkorrupsie-inisiatief wat deur die Departement van Provinsiale en Plaaslike Regering befonds word.

Die plan is gegrond op die kern etiese waardes waarvolgens Overstrand sy sake behartig; die ontwikkeling van sy stelsels, beleid en prosedures; interaksie met belastingbetalers, die publiek en ander belanghebbers en die besluitneming deur individuele bestuurders. Benewens dat dit etiese gedrag bevorder, sal die plan ook help om bedrog en korrupsie te voorkom, te bespeur, te ondersoek en te straf.

Die munisipaliteit se beleidstandpunt is dat geen bedrog of korrupsie geduld sal word nie.

Die plan vermeld onder meer wat 'n werknemer moet doen wanneer hy/sy bedrog of korrupsie vermoed, wat lede van die publiek of verskaffers van goedere en dienste moet doen wanneer hulle bedrog of korrupsie vermoed, hoe daar met sodanige aantygings gehandel sal word, die verhaling van verliese en die beskerming van oopvlekkers.

i

***Do you prefer this newsletter in another official language?*** *SMS your account number with E for English to* ***082 338 1631***

***Ungathanda lencwadi yesaziso-ndaba ibhalwe ngolunye ulwimi?*** *Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo* ***082 338 1631***